
**Aäron se bottende kierie in die verbondsark**

**Num 17:1-13**

**25 Julie 2021**

1. Num 16: Twee verdedigings van Aäron se hoëpriesterskap. Num 17: Derde verdediging
2. Num 17 gebeure:
    a. Elke stam moet kierie bring met leier se naam daarop. Aäron se naam moet op kierie van Levi wees (v1-3)
    b. Kieries is simbool van gesag (vgl Eks 4:1, 14:16, 17:5)
    c. Kieries is oornag in Allerheiligste voor die getuienis geplaas (v4)
    d. Vlge more het Aäron se kierie gebot (v8), as teken voor getuienis geplaas (v10)
    e. Volk se reaksie: "Dit is klaar met ons!" (v 12-13)
3. Betekenis van die gebeure:
    a. Bevestiging van Aäron as hoëpriester.
    b. Nood van die volk: hulle mag nie self naby die tabernakel kom nie, net die priesters mag, en hulle mag nie strewe om (hoë)priester te wees nie
    c. Belofte van lewe:
        i. Aäron se kierie toon lewe: botsels, bloeisels en vrugte – standhoudende lewe
        ii. Belofte van voortdurende hoëpriester deur die geslagte – tot Jesus kom as die <u>ewige</u> Hoëpriester (Heb 5:6)
        iii. Deur hoëpriester se versoening is daar ook lewe vir die volk (vgl Num 16:48)
    d. Aäron se kierie in die verbondsark
        i. Voor die getuienis = in die verbondsark (Heb 9:3-5)
        ii. Verbondsark met versoendeksel vorm voetstuk van Here se troon (Eks 25:10-22)
        iii. Inhoud van die verbondsark: (1) kliptafels met die 10 gebooie / getuienis / wet van die verbond (Deut 10:3-5, Eks 25:16,21, Heb 9:4) (2) Kruik met manna (Eks 16:32-34) (3) Kierie van Aäron (Num 17:10)



        iv. Simboliek 1
            - Aldrie items geassosieer met opstand
            - Die Here kyk hierna van bo deur die bloed op versoendeksel
        v. Simboliek 2
            - Die Here verwag gehoorsaamheid aan wet (Eks 19:5-6).
            - Jesus is vervulling van die wet (Mat 5:17-18, Jer 31:33, Eseg 36:26-27), is ware manna (Joh 6:32-36), is ware Hoëpriester (Heb 5:5-6)
            - Skep moed! Daar is toegang tot die koninkryk deur Jesus:
                a. Jesus is ware brood – Hy sal voorsien wat nodig is
                b. Jesus het die wet vervul en geregtigheid bewerk wat Hy aan die gelowige gee
                c. Jesus is die Hoëpriester wie se bloed op die versoendeksel is as versoening vir jou sondes, wie se Gees jou 'n nuwe hart gee wat Hy gehoorsaam sal maak
            - Jesus bewerk eenheid met Hom en die Vader (Joh 17:21-23a)